

21 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 4:16-30

Fokusgedeelte: NGB, Art 25

Waarom lees ons nog die Ou Testament?

In 'n leeskring of kunsvereniging bly dit altyd 'n besondere geleentheid as 'n skrywer self sy eie werke kom voordra. Die aksente, pouses en stemtoon gee ineens die presiese betekenis aan dit wat geskryf staan. Só was dit ook dié Sabbatdag toe Jesus in sy tuisgemeente opgetree het. Jesus lees sy eie woorde. Die hele Ou Testament is immers die woorde van die Heilige Gees, wat ook die Gees van Jesus Christus is.

Maar Jesus is nie net die Skrywer van die Ou Testament nie, Hy is ook die inhoud daarvan. Die geskiedenis in die Ou Testament is SÝ geskiedenis. In die Psalms vind ons SÝ gebede, in Klaagliedere is dit HÝ wat treur, in die profete is HÝ die toekoms en HÝ is die wysheid van die wysheidsliteratuur. In die hele Ou Testament is Christus die begin en die einde van alle dinge.

As 'n mens die Ou Testament só lees, ontdek jy Hom as die middelpunt, Middelpunt van alle geskiedenis, ook jou geskiedenis; Middelpunt van hierdie dag en hierdie oomblik. HÝ het gekom en alles wat agter jou lê en alles wat nog op jou pad sál kom reeds SYNE gemaak. So het Hy jou onvervreembaar syne gemaak. Sy heerlikheid behoort ook aan jou!

Elke keer as ons die Ou Testament lees mag ons dus op nuwe maniere ontdek hoe die genadejaar van die Here in Christus vir ons aangebreek het. Daarom lees almal wat die genade in Christus omhels die Ou Testament nie net met instemming en verwondering nie, maar ook met volle oorgawe!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)